

# Almal wil 'n HUISIE BY DIE SEE hê



**A**lma Kennedy en Nico van Niekerk is deur Kalkbaai met sy karaktervolle Europese atmosfeer en Eduardianse erfenishuise, geplaveide straatjies, die stasie en legendariese Brass Bell, Olympia Café en interessante winkels bekoor.

Toe 'n plaaslike eiendomsagent laat weet die "groen huis" is in die mark, het hulle dadelik 'n aanbod gemaak.

Alma en Nico woon in Birdhaven, Johannesburg, maar besoek hierdie kusstad al sedert 2004. Albei werk in die mynboubedryf – Nico was 'n geoloog en is steeds by mynboubeleggings betrokke, terwyl Alma 'n regsadviseur by 'n internasionale mynboumaatskappy is.

## GESKIEDENIS

Die titelakte van die (nou) blou huis teen die bult verklap dat die eiendom sedert 1826 aan dieselfde familie behoort het. Die Erfenisraad moes tot verandering aan die struktuur toestem, wat die eerste fase van die projek tot kosmetiese verandering beperk het. Nico was aanvanklik skepties oor die omvang van die projek, maar Alma het hom oortuig dat die ou dame potensiaal het en net 'n nuwe rok en aandag kort. Konstruksie het in Februarie 2017 begin en teen Junie was dit voltooi.

Johannesburg is hul vaste tuiste, maar Kalkbaai is hul wegbreekplek waar hulle wens hulle vir altyd kan bly


Foto's SIHAN WIID



## GUNSTELINGE IN DIE HUIS

Alma se passie vir boeke en kuns word in die huis weerspieël. Sy het die mure van hul Johannesburgse huis gestroop en hier hang nou werke van Bastiaan van Stenis, Obert Jongwe, Sue Kaplan, Colbert Mashile, Ntobeko Mijjwa, Gregoire Boonzaier, Susan Smuts, Grace Kotze, Anita van der Merwe, Hannelie Kotze, Peter Midlane, Diek Grobler en Lientjie Wessels. Daar is ook werke deur plaaslike Kalkbaai-kunstenaars, Adrienne Silva en Roelie van Heerden.

Nico meen dat Kalk Bay Books se omset sedert Januarie aansienlik gestyg het, aangesien Alma elke naweek 'n boek of vyf daar koop en hy nou verplig is om muur-tot-plafon-boekrakke iewers aan te bring. ►



### RAAD AS JY SO 'N PROJEK AANPAK

Volgens Nico word die sukses van 'n bouprojek deur die kontrakteur se ervaring en integriteit bepaal. Hulle was gelukkig om Lynton Lawrence van Maintenance Works, 'n plaaslike kontrakteur van Seepunt, aan boord te kry. Nico sê hy is 'n perfeksionis en vakman met outydse standaarde en danksy hom het die projek seepglad en sonder drama verloop.

Alma meen dat 'n opknappingsprojek

'n spanningsvolle ervaring kan wees, maar in hul geval het die rolverdeling natuurlik plaasgevind, met Nico wat vir die konstruksie verantwoordelik is en sy vir die dekor. Nico voeg by dat hy nie omgee of 'n stoel groen of blou is nie en Alma sê sy het geen behoefte om met kontrakteurs oor kables en pype te redekawel nie. Miskien is dit waarom hulle ná meer as 'n halfdosyn bouprojekte reeds 22 jaar getroud is.



### DUUR OF GOEDKOOP DEKOR?

Hulle koop goeie beddens en linne, maar spandeer nie geld op duur ontwerpersmeubels nie. Alma meng oud en nuut en verskillende style sonder om te skroom. Heelwat van die meubels is deur Begin with the End in Mind in Johannesburg gepasmaak. 'n Vriendin het die reuseliniaal asook die hoederak by die ingang gemaak en van die kuns en kleinighede is van tweedehandse winkels. Alma en Nico stel nie belang in kook nie en 'n moderne kombuis met duur toebehore was nie belangrik nie. Die galerystyl-kombuis is klein, maar funksioneel. Nico sê die stoof is tot dusver nog nie aangeskakel nie.

### DEKORWENKE

Alma reken dit is onontbeerlik om plaaslike hulp te kry met die aankoop van meubels en matte, raam van kuns en die algemene rompslomp wat met 'n opknappingsprojek gepaardgaan wat oor 'n afstand bestuur word. Sihan Wiid van Mink Interior, 'n binnenshuise ontwerper van Muizenberg, het nie net dit als gedoen nie, maar was vir logistieke reëlings, organisering van tuindienste en kontrakteurs, uitpak en regpak beskikbaar. Volgens Alma is Sihan 'n integrale deel van die eindprojek se sukses.

### GUNSTELINGVERTREKKE


Die toegeboorde stoep op die boonste verdieping, met 'n 180°-uitsig oor die Kalkbaaihawe en Hangklip op die horison, is waar Nico en Alma op 'n Vrydagaand kuier ná 'n laat vlug van Johannesburg af. Dis ook hier waar Nico (probeer) werk wanneer hy soms in die week daar is.

### TIPE GEVOEL

Behalwe vir die toegeboorde stoep aan die huis se voorkant, is die vensters klein en sommige dele is donker. Alma hou van lig en kleur, maar het nie 'n spesifieke styl in gedagte gehad nie, behalwe dat die huis ingeleef en gemaklik moes voel. Hulle wil hê vriende moet hul skoene kan uitskop en op die banke dut.

Nico en Alma bring minstens een naweek per maand hier deur en vlieg Sondagaande met swaar harte terug Johannesburg toe, soos blyk in 'n uittreksel van 'n gedig deur Alma:

*... al meer bly 'n deel van my agter in 'n baaitjie met 'n stasie en net een straat ingewikkel en vasgedruk tussen vishoek en st james en soms op woensdae in die stad van goud bring dit weemoed soos gedagtes aan 'n vroeëre liefde V.*



tuis